Sondag **21 April**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:14 – 7:1**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 6:14 – 7:1**

**Leef skoon vir ons Vader in 'n vieslike omgewing!**

Op die oog af lyk dit of hierdie gedeelte leer dat 'n gelowige hom- of haarself heeltemal uit die wêreld moet onttrek. Gelees in die lig van 1 Korintiërs 5:9-13 sien ons dat dit egter nie die geval is nie. Die apostel Paulus het geleer dat mens nie uit die wêreld kan uitgaan nie (1 Kor. 5:10). Ons deel dieselfde lewensruimte met ongelowiges. Die gelowige moet wel nie aan die wêreld gelykvormig word nie. 'n Christen sal altyd verontwaardig wees waar die koningskap van die enigste lewende God en die eer van God in die politieke, arbeids- en handelswêreld nie gedien word nie. Vra erkenning daarvoor. Dis hier waar die Christen se getuienistaak lê.

Daar is egter veral twee terreine van die lewe waar 'n gelowige hoegenaamd nie in dieselfde juk kan trek as die ongelowiges nie, en dit is die Christen se aanbidding van die enige God en sy keuse van 'n huweliksmaat. Die sterk uitspraak van Paulus: "Gaan van hulle af weg en sonder julle af, sê die Here" in die gedeelte het veral betrekking op die invloed van die "afgodskerk" in Korinte (1 Kor. 10:14-25). Wie saam met vriende en vennote by die werk gaan aanbid in die "afgodskerk", het gemeenskap met bose geeste deur saam van die offers te eet wat aan die beskermgode van hulle beroep geoffer is! Verbeel jou, offers aan die beskermgod van onderwysers! Daar bestaan geen gemeenskap tussen Christus en die duiwel (Belial) nie! Verder verbied die apostel dit om 'n huweliksverbintenis met 'n ongelowige aan te gaan (1 Kor. 7:39). In die huwelik behoort getroudes immers saam in die juk van Christus te trek (Matt. 11:28-30). Dit is samewerking in liefde.

Bo alle ander verhoudings is die verhouding en gemeenskap van die gelowige met die lewende God in sy Verbond met ons. Hierin het God Homself as ons Vader openbaar, en die gelowige as sy seuns en dogters in Jesus Christus aangeneem. Hierdie verhouding maak dat gelowiges die woonplek is van God wat deur sy Gees in ons woon (2 Kor. 6:16). Juis omdat gelowiges die tempel van God is, sal hulle baie mooi onderskei saam met wie hulle in dieselfde juk trek. Sorg dus dat jy in alle fasette van jou lewe aan ons Vader toegewy (heilig) lewe en reinig jou van alles wat jou liggaam en gees kan verontreinig. En waar dit nie anders kan nie: Gaan van hulle af weg …

*Sing: Psalm 26-1:2, 3*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)*